

17 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 44:24-45:25 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 45:1

Die vrymag van die Here

Hierdie gedeelte is die hoogtepunt van die eerste deel van Jesaja se troosboek. In sy goddelike vrymag laat die Here die hoofpersoon in sy reddingsplan hier na vore tree – koning Kores! Aan die einde van hoofstuk 44 word sy naam, meer as 'n eeu voor sy geboorte genoem! Dis buitengewoon! Van Kores sê die HERE: "...ter wille van Jakob, my kneg, en Israel, my uitverkorene, het Ek jou by jou naam geroep; Ek het jou 'n erenaam gegee, hoewel jy My nie geken het nie."

Hier word oor die vrymag van die HERE gepraat. Van Homself getuig Hy: "Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie".

Die Grieke besing Kores as 'n heldefiguur; die Jode wou een uit hulle eie geledere as verlosser gehad het, maar die HERE God gebruik 'n heiden as instrument in sy hand.

Ook vandag tree God vrymagtig op in die uitvoering van sy raadsplan. Hy gebruik alle mense! Wie in God se vrymag glo, twyfel nie, maar dink in verwondering na oor die heerlijkheid en almag van God.

Sing: Psalm 33:1,2

Ds FJ du T Lessing (Emeritus)